(b) Authorisations obtained after any investigation, assessment and communication of the potential impacts or consequences of activities, including an exemption granted in terms of section 24M or permits obtained under any law for a listed activity or specified activity in terms of this Act, may be considered by the competent authority as sufficient for the purposes of section 24(4), provided that such investigation, assessment and communication comply with the requirements of section 24(4)(a) and, where applicable, comply with section 24(4)(b). 45 50

(9) Only the Minister may make regulations in accordance with subsection (5) stipulating the procedure to be followed and the report to be prepared in investigating, assessing and communicating potential consequences for or impacts on the environment by activities, for the purpose of complying with subsection (1)₂ where the activity **[will affect]**— 55

- (a) **[more than one province or traverse]** has a development footprint that falls within the boundaries of more than one province or traverses international boundaries; or
- (b) will affect compliance with obligations resting on the Republic under customary international law or a convention. 60

(10) (a) The Minister, or an MEC with the concurrence of the Minister, may—

WYSIGINGSWET OP NASIONALE
OMGEWINGSBESTUUR, 2008

Wet No. 62, 2008

- (i) die oorweging en verwerking van aansoeke om omgewingsmagtigings; en
- (ii) die hersiening van dokumente, prosesse en prosedures deur spesialiste namens die bevoegde owerheid;
- (d) na oorleg met die Minister van Finansies, die voorsiening vereis van finansiële of ander sekuriteit om die risiko's vir die Staat en die omgewing van nievoldoening aan voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings te dek; 5
- (e) spesifiseer dat **[omgewingsinvloedbepalings, of ander]** gespesifiseerde take wat verrig word in verband met 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging[,]] slegs uitgevoer mag word deur 'n omgewingsinvloedbepalingspraktisyn wat ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures geregistreer is; 10
- (f) vereis dat bevoegde owerhede 'n register van aansoeke om, en rekords van beslissings ten opsigte van, omgewingsmagtigings hou; 15
- (g) spesifiseer dat 'n oortreding van 'n besondere regulasie 'n misdryf is en strawwe vir die oortreding van daardie regulasie voorskryf;
- (h) minimum kriteria voorskryf vir die verslaginhoud vir elke soort verslag en vir elke proses wat ingevolge die regulasies beoog word ten einde 'n konsekwente gehalte te verseker en die doeltreffende evaluering van verslae te fasiliteer; 20
- (i) hersieningsmeganismes en -prosedures voorskryf wat kriteria vir en die verantwoordelikhede van alle partye in die hersieningsproses insluit; en
- (j) enige ander aangeleentheid voorskryf wat nodig is vir die hantering **[van die doen]** en evaluering van aansoeke om omgewingsmagtigings. 25
- (6) 'n LUR kan regulasies ingevolge subartikel (5) uitvaardig slegs ten opsigte van gelyste aktiwiteite en gespesifiseerde aktiwiteite of gebiede ten opsigte waarvan die LUR die bevoegde owerheid is. 30
- (7) Voldoening aan die prosedures deur die Minister of 'n LUR neergelê ingevolge subartikel (4) **[verwyder nie die nodigheid om 'n ander magtiging as 'n omgewingsmagtiging vir daardie aktiwiteit te bekom]** skeld nie 'n persoon vry van voldoening aan enige ander statutêre vereiste om magtiging te verkry van enige staatsorgaan wat by wet gelas is om die implementering van die betrokke aktiwiteit te magtig, permitteer of andersins toe te laat nie. 35
- (8) (a) **Magtigings [of permitte]** kragtens enige ander wet verkry vir 'n aktiwiteit gelys of gespesifiseer ingevolge hierdie Wet skeld nie die aansoeker vry van die verkryging van magtiging kragtens hierdie Wet nie **[en enige sodanige ander magtigings of permitte kan deur die bevoegde owerheid oorweeg word slegs ooreenkomstig subartikel (4)(d)],** tensy 'n magtiging verleen is op die wyse soos beoog in artikel 24L. 40
- (b) Magtigings verkry na enige ondersoek, bepaling en kommunisering van die potensiële impak of gevolge van aktiwiteite, met inbegrip van 'n vrystelling verleen ingevolge artikel 24M of permitte verkry kragtens enige wet vir 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit ingevolge hierdie Wet geïdentifiseer, kan deur die bevoegde owerheid as voldoende vir doeleindes van subartikel (4) beskou word, met dien verstande dat sodanige ondersoek, bepaling en kommunisering aan die vereistes van subartikel **(4)(a)** en, waar toepaslik, aan subartikel **(4)(b)** vodoen. 50
- (9) Slegs die Minister kan regulasies ooreenkomstig subartikel (5) uitvaardig wat stipuleer die prosedure wat gevolg moet word en die verslag wat opgestel moet word by die ondersoek, bepaling en kommunisering van potensiële gevolge of invloede van aktiwiteite vir of op die omgewing, ten einde aan subartikel (1) te voldoen, waar die aktiwiteit— 55
- (a) **[die aktiwiteit meer as een provinsie sal raak]** 'n ontwikkelingsvoetspoor het wat binne die grense van meer as een provinsie val of oor internasionale grense [sal] strek; of
- (b) **[die aktiwiteit]** voldoening aan verpligtinge wat rus op die Republiek kragtens gewoonte- of internasionale reg of 'n konvensie sal raak. 60
- (10) (a) Die Minister, of 'n LUR met die instemming van die Minister, kan—

- (i) develop or adopt norms or standards for activities, or for any part of an activity or for a combination of activities, contemplated in terms of subsection (2)(d);
- (ii) prescribe the use of the developed or adopted norms or standards in order to meet the requirements of this Act; 5
- (iii) prescribe reporting and monitoring requirements; and
- (iv) prescribe procedures and criteria to be used by the competent authority for the monitoring of such activities in order to determine compliance with the prescribed norms or standards.
- (b) Norms or standards contemplated in paragraph (a) must provide for rules, guidelines or characteristics— 10
 - (i) that may commonly and repeatedly be used; and
 - (ii) against which the performance of activities or the results of those activities may be measured for the purposes of achieving the objects of this Act. 15
- (c) The process of developing norms or standards contemplated in paragraph (a) must, as a minimum, include— 20
 - (i) publication of the draft norms or standards for comment in the relevant *Gazette*;
 - (ii) consideration of comments received; and
 - (iii) publication of the norms or standards to be prescribed.
- (d) The process of adopting norms or standards contemplated in paragraph (a) must, as a minimum, include— 25
 - (i) publication of the intention to adopt existing norms or standards in order to meet the requirements of this Act for comment in the relevant *Gazette*;
 - (ii) consideration of comments received; and
 - (iii) publication of the norms or standards to be prescribed.”

Substitution of section 24C of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004 30

3. The following section is hereby substituted for section 24C of the principal Act:

“Procedure for identifying [the] competent authority

- 24C.** (1) When listing or specifying activities in terms of section 24(2) the Minister, or [the] an MEC with the concurrence of the Minister, must identify the competent authority responsible for granting environmental 35 authorisations in respect of those activities.
- (2) The Minister must be identified as the competent authority in terms of subsection (1) if the activity—
- (a) has implications for [national environmental policy or] international environmental commitments or relations; 40
 - (b) will take place within an area [identified in terms of section 24(2)(b) or (c) as a result of the obligations resting on the Republic in terms of any] protected by means of an international environmental instrument, other than— 45
 - (i) any area falling within the sea-shore[, or within 150 meters seawards from the high-water mark, whichever is the greater;
 - (ii) a conservancy[,];
 - (iii) a protected natural environment[,];
 - (iv) a proclaimed private nature reserve[,];
 - (v) a natural heritage site[, or]; 50
 - (vi) the buffer zone or transitional area of a biosphere reserve; or
 - (vii) the buffer zone or transitional area of a world heritage site;
 - (c) [will affect more than one province or traverse] has a development footprint that falls within the boundaries of more than one province or traverses international boundaries; 55
 - (d) is undertaken, or is to be undertaken, by—
 - (i) a national department;

WYSIGINGSWET OP NASIONALE
OMGEWINGSBESTUUR, 2008

Wet No. 62, 2008

- (i) norme of standaarde vir aktiwiteite, of vir enige deel van 'n aktiwiteit of vir 'n kombinasie van aktiwiteite beoog ingevolge subartikel (2)(d), ontwikkel of goedkeur;
- (ii) die gebruik van die ontwikkelde of goedgekeurde norme of standaarde voorskryf ter voldoening aan die vereistes van hierdie Wet; 5
- (iii) verslagdoening en moniteringsvereistes voorskryf; en
- (iv) prosedures en kriteria voorskryf wat deur die bevoegde owerheid gebruik moet word vir die monitering van sodanige aktiwiteite om voldoening aan die voorgeskrewe norme of standaarde te bepaal.
- (b) Norme of standaarde in paragraaf (a) beoog, moet voorsiening maak vir reëls, riglyne of kenmerke— 10
 - (i) wat algemeen en herhaaldelik gebruik kan word; en
 - (ii) waarteen die verrigting van aktiwiteite of die resultate van daardie aktiwiteite gemeet kan word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik. 15
- (c) Die proses om norme of standaarde te ontwikkel soos in paragraaf (a) beoog, moet as 'n minimum insluit—
 - (i) publikasie van die konsepnorme of -standaarde vir kommentaar in die tersaaklike *Staatskoerant*;
 - (ii) oorweging van kommentaar ontvang; en 20
 - (iii) publikasie van die norme of standaarde wat voorgeskryf staan te word.
- (d) Die proses om norme of standaarde goed te keur, soos in paragraaf (a) beoog, moet as 'n minimum insluit—
 - (i) publikasie van die voorneme om bestaande norme of standaarde goed te keur ter voldoening aan die vereistes van hierdie Wet, vir kommentaar in die tersaaklike *Staatskoerant*; 25
 - (ii) oorweging van kommentaar ontvang; en
 - (iii) publikasie van die norme of standaarde wat voorgeskryf staan te word.”.

Vervanging van artikel 24C van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004 30

3. Artikel 24C van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Prosedure om [die] bevoegde owerheid te identifiseer

- 24C.** (1) Wanneer aktiwiteite ingevolge artikel 24(2) gelys of gespesifiseer word, moet die Minister, of [die] 'n LUR met die instemming van die Minister, die bevoegde owerheid verantwoordelik vir die toestaan van omgewingsmagtigings ten opsigte van daardie aktiwiteite identifiseer. 35
- (2) Die Minister moet geïdentifiseer word as die bevoegde owerheid ingevolge subartikel (1) indien die aktiwiteit—
- (a) implikasies vir [nasionale omgewingsbeleid of] internasionale omgewingsverbintenisse of betrekkinge het; 40
 - (b) sal plaasvind in 'n gebied [geïdentifiseer ingevolge artikel 24 (2)(b) of (c) as gevolg van die verpligtinge van die Republiek ingevolge enige] wat deur middel van 'n internasionale omgewingsinstrument beskerm word, uitgesonderd— 45
 - (i) enige gebied wat binne die kuslyn [val,] of binne 150 meter seewaarts vanaf die hoogwatermerk val, wat ook al die grootste is;
 - (ii) 'n bewaringsgebied[,];
 - (iii) 'n beskermde natuurlike omgewing[,]; 50
 - (iv) 'n geproklameerde privaat natuureservaat[,];
 - (v) 'n natuurreservaat[, of];
 - (vi) die buffersone of oorgangsgebied van 'n biosfeerreservaat; of
 - (vii) die buffersone of oorgangsgebied van 'n wêrelderfenisterrein;
 - (c) [meer as een provinsie sal raak] 'n ontwikkelingsvoetspoor het wat binne die grense van meer as een provinsie val of oor internasionale grense sal strek; 55
 - (d) onderneem word, of onderneem staan te word, deur—
 - (i) 'n nasionale departement;

Act No. 62, 2008

NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT
AMENDMENT ACT, 2008

- (ii) a provincial department responsible for environmental affairs or any other organ of state performing a regulatory function and reporting to the MEC; or
- (iii) a statutory body, excluding any municipality, performing an exclusive competence of the national sphere of government; or 5
- (e) will take place within a national proclaimed protected area or other conservation area under control of a national authority.
- (2A) The Minister of Minerals and Energy must be identified as the competent authority in terms of subsection (1) where the activity constitutes prospecting, mining, exploration, production or a related activity occurring within a prospecting, mining, exploration or production area. 10
- (3) The Minister and an MEC may agree that applications for environmental authorisations with regard to any activity or class of activities— 15
- (a) contemplated in subsection (2) may be dealt with by the MEC;
- (b) in respect of which the MEC is identified as the competent authority may be dealt with by the Minister.”.

Substitution of section 24D of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004 20

4. The following section is hereby substituted for section 24D of the principal Act:

“Publication of list

- 24D.** (1) The Minister or MEC concerned, as the case may be, must publish in the relevant *Gazette* a notice [listing] containing a list of—
- (a) activities [and] or areas identified in terms of section 24(2); and 25
 - [listing the]
 - (b) competent authorities identified in terms of section 24C [and].
- (2) The notice referred to in subsection (1) must specify the date on which the list is to come into effect.”.

Amendment of section 24F of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 3 of 2004 30

5. Section 24F of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

- “(1) Notwithstanding [the provisions of] any other Act, no person may—
- (a) commence an activity listed or specified in terms of section 24(2)(a) or (b) 35 unless the competent authority or the Minister of Minerals and Energy, as the case may be, has granted an environmental authorisation for the activity[, and no person may continue an existing activity listed in terms of section 24(2)(d) if an application for an environmental authorisation is refused];
 - or 40
 - (b) commence and continue an activity listed in terms of section 24(2)(d) unless it is done in terms of an applicable norm or standard.
- (2) It is an offence for any person to fail to comply with or to contravene—
- (a) subsection (1)(a) [or];
 - (b) subsection (1)(b); 45
 - (c) the conditions applicable to any environmental authorisation granted for a listed activity or specified activity;
 - (d) any condition applicable to an exemption granted in terms of section 24M; or
 - (e) an approved environmental management programme.”.

WYSIGINGSWET OP NASIONALE
OMGEWINGSBESTUUR, 2008

Wet No. 62, 2008

- (ii) 'n provinsiale departement verantwoordelik vir omgewing-sake of enige ander staatsorgaan wat 'n regulerende funksie verrig en wat verslag doen aan die LUR; of
 - (iii) 'n statutêre liggaam, uitgesluit enige munisipaliteit wat 'n eksklusiewe bevoegdheid van die nasionale regeringsfeer uitvoer; of
 - (e) sal plaasvind in 'n nasionaal geproklameerde beskermde gebied of ander bewaringsgebied onder beheer van 'n nasionale owerheid.
- (2A) Die Minister van Minerale en Energie word as die bevoegde gesag ingevolge subartikel (1) geïdentifiseer waar die aktiwiteit prospektering, myn, eksplorاسie, produksie of 'n verwante aktiwiteit daarstel wat in 'n prospekter-, myn-, eksplorاسie- of produksie-area voorkom.
- (3) Die Minister en 'n LUR kan ooreenkom dat aansoeke om omgewingsmagtigings met betrekking tot enige aktiwiteit of klas aktiwiteite—
- (a) beoog in subartikel (2) deur die LUR hanteer kan word;
 - (b) ten opsigte waarvan die LUR as die bevoegde owerheid geïdentifiseer is, deur die Minister gehanteer kan word.”.

Vervanging van artikel 24D van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004

4. Artikel 24D van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Publikasie van lys

- 24D.** (1) Die Minister of betrokke LUR, na gelang van die geval, moet 'n kennisgewing in die tersaaklike *Staatskoerant* publiseer wat **[aktiwiteite en gebiede lys]** 'n lys bevat van—
- (a) aktiwiteite of gebiede wat ingevolge artikel 24(2) geïdentifiseer word; en
 - (b) die bevoegde owerhede **[lys]** wat ingevolge artikel 24C geïdentifiseer word**[en]**.
- (2) Die kennisgewing waarna in subartikel (1) verwys word, moet die datum spesifiseer waarop die lys van krag word.”.

Wysiging van artikel 24F van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 3 van 2004

5. Artikel 24F van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

- “(1) Ondanks **[die bepalings van]** enige ander Wet mag geen persoon—
- (a) met 'n aktiwiteit gelys of gespesifiseer ingevolge artikel 24(2)(a) of (b) 'n aanvang neem nie, tensy die bevoegde owerheid of die Minister van Minerale en Energie, na gelang van die geval, 'n omgewingsmagtiging vir die aktiwiteit toegestaan het[, **en geen persoon mag 'n bestaande aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24(2)(d) voortsit indien 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging geweier word nie];** of
 - (b) met 'n aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24(2)(d) 'n aanvang neem en dit voortsit nie, tensy dit ingevolge 'n tersaaklike norm of standaard gedoen word.
- (2) Dit is 'n misdryf vir enige persoon om te versuim om **[aan die volgende]** te voldoen aan of in stryd **[met]** op te tree met—
- (a) subartikel (1)(a) **[of]**;
 - (b) subartikel (1)(b);
 - (c) die voorwaardes met betrekking tot enige omgewingsmagtiging wat toegestaan is vir 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit;
 - (d) enige voorwaarde met betrekking tot 'n vrystelling verleen ingevolge artikel 24M; of
 - (e) 'n goedgekeurde omgewingsbestuursprogram.”.

Substitution of section 24G of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004

6. The following section is hereby substituted for section 24G of the principal Act:

“Rectification of unlawful commencement [or continuation] of [listed] activity

5

24G. (1) On application by a person who has committed an offence in terms of section 24F(2)(a) the Minister, Minister of Minerals and Energy or MEC concerned, as the case may be, may direct the applicant to—

- (a) compile a report containing—
 - (i) an assessment of the nature, extent, duration and significance of the consequences for or impacts on the environment of the activity **[on the environment]**, including the cumulative effects; 10
 - (ii) a description of mitigation measures undertaken or to be undertaken in respect of the consequences for or impacts on the environment of the activity **[on the environment]**; 15
 - (iii) a description of the public participation process followed during the course of compiling the report, including all comments received from interested and affected parties and an indication of how issues raised have been addressed; 20
 - (iv) an environmental management **[plan] programme**; and
- (b) provide such other information or undertake such further studies as the Minister or MEC, as the case may be, may deem necessary.

(2) **[Upon the payment by the person of an administration fine not exceeding R1 million as determined by the competent authority, the]** The Minister or MEC concerned must consider **[the report contemplated in]** any reports or information submitted in terms of subsection (1) and thereafter may— 25

- (a) direct the person to cease the activity, either wholly or in part, and to rehabilitate the environment within such time and subject to such conditions as the Minister or MEC may deem necessary; or 30
- (b) issue an environmental authorisation to such person subject to such conditions as the Minister or MEC may deem necessary.

(2A) A person contemplated in subsection (1) must pay an administrative fine, which may not exceed R1 million and which must be determined by the competent authority, before the Minister or MEC concerned may act in terms of subsection (2)(a) or (b). 35

(3) A person who fails to comply with a directive contemplated in subsection (2)(a) or who contravenes or fails to comply with a condition contemplated in subsection (2)(b) is guilty of an offence and liable on conviction to a penalty contemplated in section 24F(4).” 40

Amendment of section 24H of Act 107 of 1998, as inserted by section 3 of Act 8 of 2004

7. Section 24H of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection: 45

“(6) The Minister may appoint as registration authorities such number of associations as are required for the purposes of this Act and may, if circumstances so require, limit the number of registration authorities to a single registration authority.”.

Vervanging van artikel 24G van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004

6. Artikel 24G van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Regstelling van [gelyste] aktiwiteite wat onwettig ’n aanvang geneem het [of voortduur]

5

24G. (1) By aansoek deur enige persoon wat ’n misdryf ingevolge artikel 24F(2)(a) gepleeg het, kan die Minister, Minister van Minerale en Energie of betrokke LUR, na gelang van die geval, die aansoeker opdrag gee om—
(a) ’n verslag saam te stel wat—

- (i) ’n bepaling bevat van die aard, omvang, duur en beduidendheid van die gevolge of invloede van die aktiwiteit vir of op die omgewing, met inbegrip van die kumulatiewe effekte;
- (ii) ’n beskrywing bevat van versagende maatreëls wat onderneem word of onderneem moet word ten opsigte van die gevolge of invloede van die aktiwiteit vir of op die omgewing;
- (iii) ’n beskrywing bevat van die openbaredeelnamesproses gevolg gedurende die opstel van die verslag, met inbegrip van alle kommentaar van belanghebbende en geraakte partye ontvang, en ’n aanduiding van hoe kwessies wat geopper is, aangespreek is;
- (iv) ’n **[omgewingsbestuursplan]** omgewingsbestuursprogram bevat; en

(b) ander inligting te verstrek of die verdere studies te onderneem wat die Minister of LUR, na gelang van die geval, nodig ag.

(2) **[By betaling deur die persoon van ’n administrasie boete van hoogstens R1 miljoen, soos deur die bevoegde owerheid bepaal, moet die]** Die Minister of die betrokke LUR moet [die verslag beoog in] enige verslae of inligting ingedien ingevolge subartikel (1) oorweeg en kan daarna—

- (a) sodanige persoon opdrag gee om die aktiwiteit te staak, óf in sy geheel óf ten dele, en om die omgewing te rehabiliteer binne die tyd en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag; of
- (b) ’n omgewingsmagtiging aan sodanige persoon uitreik, onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag.

(2A) ’n Persoon in subartikel (1) beoog, moet ’n administratiewe boete betaal van hoogstens R1 miljoen en soos bepaal deur die bevoegde owerheid voor die Minister of betrokke LUR ingevolge subartikel (2)(a) of (b) mag optree.

(3) ’n Persoon wat in gebreke bly om ’n opdrag beoog in subartikel (2)(a) na te kom of wat in gebreke bly of versuim om te voldoen aan enige voorwaarde beoog in subartikel (2)(b) is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan ’n boete beoog in artikel 24F(4).”.

Wysiging van artikel 24H van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 8 van 2004

7. Artikel 24H van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(6) Die Minister kan enige aantal verenigings wat vir doeleindes van hierdie Wet vereis word, as registrasie-owerhede aanstel en kan, indien omstandighede dit vereis, die aantal registrasie-owerhede tot ’n enkele registrasie-owerheid beperk.”.

Insertion of sections 24J to 24M in Act 107 of 1998

8. The following sections are hereby inserted in the principal Act after subsection 24I:

“Implementation guidelines

24J. The Minister or an MEC, with the concurrence of the Minister, may publish guidelines regarding—

- (a) listed activities or specified activities; or
- (b) the implementation, administration and institutional arrangements of regulations made in terms of section 24(5).

Consultation between competent authorities and consideration of legislative compliance requirements of other organs of state having jurisdiction

24K. (1) The Minister or an MEC may consult with any organ of state responsible for administering the legislation relating to any aspect of an activity that also requires environmental authorisation under this Act in order to coordinate the respective requirements of such legislation and to avoid duplication.

(2) The Minister or an MEC, in giving effect to Chapter 3 of the Constitution and section 24(4)(a)(i) of this Act, may after consultation with the organ of state contemplated in subsection (1) enter into a written agreement with the organ of state in order to avoid duplication in the submission of information or the carrying out of a process relating to any aspect of an activity that also requires environmental authorisation under this Act.

- (3) The Minister or an MEC may—
- (a) after having concluded an agreement contemplated in subsection (2), consider the relevance and application of such agreement on applications for environmental authorisations; and
 - (b) when he or she considers an application for environmental authorisation that also requires authorisation in terms of other legislation take account of, either in part or in full and as far as specific areas of expertise are concerned, any process authorised under that legislation as adequate for meeting the requirements of Chapter 5 of this Act, whether such processes are concluded or not and provided that section 24(4)(a) and, where applicable, section 24(4)(b) are given effect to in such process.

Alignment of environmental authorisations

24L. (1) If the carrying out of a listed activity or specified activity contemplated in section 24 is also regulated in terms of another law or a specific environmental management Act, the authority empowered under that other law or specific environmental management Act to authorise that activity and the competent authority empowered under Chapter 5 to issue an environmental authorisation in respect of that activity may exercise their respective powers jointly by issuing—

- (a) separate authorisations; or
- (b) an integrated environmental authorisation.

(2) An integrated environmental authorisation contemplated in subsection (1)(b) may be issued only if—

- (a) the relevant provisions of this Act and the other law or specific environmental management Act have been complied with; and
- (b) the environmental authorisation specifies the—
 - (i) provisions in terms of which it has been issued; and
 - (ii) relevant authority or authorities that have issued it.

(3) A competent authority empowered under Chapter 5 to issue an environmental authorisation in respect of a listed activity or specified activity may regard such authorisation as a sufficient basis for the granting or refusing of an authorisation, a permit or a licence under a specific

Invoeging van artikels 24J tot 24R in Wet 107 van 1998

8. Die volgende artikels word hierby na subartikel 24I in die Hoofwet ingevoeg:

“Implementeringsriglyne

24J. Die Minister of ’n LUR, met die instemming van die Minister, kan riglyne publiseer betreffende—

- (a) gelyste aktiwiteite of gespesifiseerde aktiwiteite; of
- (b) die implementering, administrasie en institusionele reëlins van regulasies wat ingevolge subartikel 24(5) uitgevaardig word.

**Oorleg tussen bevoegde owerhede en oorweging van wetgewende
voldoeningsvereistes van ander staatsorgane wat jurisdiksie het**

24K. (1) Die Minister of ’n LUR kan oorleg pleeg met enige staatsorgaan wat verantwoordelik is vir die administrasie van die wetgewing met betrekking tot enige aspek van ’n aktiwiteit waarvoor ook omgewingsmagtigings kragtens hierdie Wet vereis word, ten einde die onderskeie vereistes van sodanige wetgewing te koördineer en duplikasie te vermy.

(2) By die uitvoering van Hoofstuk 3 van die Grondwet en artikel 24(4)(a)(i) van hierdie Wet kan die Minister of ’n LUR, na oorleg met die staatsorgaan beoog in subartikel (1), ’n skriftelike ooreenkoms sluit met die staatsorgaan ten einde duplikasie te vermy by die indiening van inligting of die uitvoer van ’n proses met betrekking tot enige aspek van ’n aktiwiteit waarvoor ook omgewingsmagtigings kragtens hierdie Wet vereis word.

(3) Die Minister of ’n LUR kan—

- (a) na sluiting van ’n ooreenkoms beoog in subartikel (2), die tersaaklikheid en toepassing van sodanige ooreenkoms op aansoeke om omgewingsmagtigings oorweeg; en
- (b) by oorweging deur hom of haar van ’n aansoek om omgewingsmagtigings waarvoor magtigings ook ingevolge ander wetgewing vereis word, of in die geheel of ten dele, en in soverre bepaalde kundigheidsgebiede betrokke is, enige proses wat kragtens daardie wetgewing as genoegsaam gemagtig is ter voldoening aan die vereistes van Hoofstuk 5 van hierdie Wet in ag neem, ongeag of sodanige prosesse afgehandel is of nie en met dien verstande dat artikel 24(4)(a) en, waar toepaslik, artikel 24(4)(b) gevolg aan gegee word in sodanige prosesse.

Inlynbringings van omgewingsmagtigings

24L. (1) Indien die verrigting van ’n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit beoog in artikel 24 ook ingevolge ’n ander wet of ’n spesifieke omgewingsbestuurswet gereuleer word, kan die owerheid aan wie kragtens daardie ander wet of spesifieke omgewingsbestuurswet die bevoegdheid verleen is om daardie aktiwiteit te magtig en die bevoegde owerheid aan wie kragtens Hoofstuk 5 die bevoegdheid verleen is om ’n omgewingsmagtigings ten opsigte van daardie aktiwiteit uit te reik, hulle onderskeie bevoegdhede gesamentlik uitoefen deur—

- (a) afsonderlike magtigings uit te reik; of
 - (b) ’n geïntegreerde omgewingsmagtigings uit te reik.
- (2) ’n Geïntegreerde omgewingsmagtigings beoog in subartikel 1(b) mag slegs uitgereik word indien—

- (a) daar aan die tersaaklike bepalings van hierdie Wet en die ander wet of spesifieke omgewingsbestuurswet voldoen is; en
- (b) die omgewingsmagtigings—
 - (i) die bepalings spesifiseer ingevolge waarvan dit uitgereik is; en
 - (ii) die betrokke owerheid of owerhede spesifiseer wat dit uitgereik het.

(3) ’n Bevoegde owerheid aan wie kragtens Hoofstuk 5 die bevoegdheid verleen is om ’n omgewingsmagtigings ten opsigte van ’n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit uit te reik, kan sodanige magtigings as ’n

environmental management Act if that specific environmental management Act is also administered by that competent authority.

(4) A competent authority empowered under Chapter 5 to issue an environmental authorisation may regard an authorisation in terms of any other legislation that meets all the requirements stipulated in section 24(4)(a) and, where applicable, section 24(4)(b) to be an environmental authorisation in terms of that Chapter.

Exemptions from application of certain provisions

24M. (1) The Minister or an MEC, as the case may be, may grant an exemption from any provision of this Act, except from a provision of section 24(4)(a).

(2) The Minister of Minerals and Energy may grant an exemption from any matter contemplated in section 24(4)(b).

(3) The Minister or an MEC, as the case may be, must prescribe the process to be followed for the lodging and processing of an application for exemption in terms of this section.

(4) The Minister, the Minister of Minerals and Energy or MEC may only grant an exemption contemplated in subsection (1) or (2), as the case may be, if—

- (a) the granting of the exemption is unlikely to result in significant detrimental consequences for or impacts on the environment;
- (b) the provision cannot be implemented in practice in the case of the application in question; or
- (c) the exemption is unlikely to adversely affect the rights of interested or affected parties.

Environmental management programme

24N. (1) The Minister, the Minister of Minerals and Energy, an MEC or identified competent authority may require the submission of an environmental management programme before considering an application for an environmental authorisation.

(1A) Where environmental impact assessment has been identified as the environmental instrument to be utilised in informing an application for environmental authorisation, or where such application relates to prospecting, mining, exploration, production and related activities on a prospecting, mining, exploration or production area, the Minister, the Minister of Minerals and Energy, an MEC or identified competent authority must require the submission of an environmental management programme before considering an application for an environmental authorisation.

(2) The environmental management programme must contain—

- (a) information on any proposed management, mitigation, protection or remedial measures that will be undertaken to address the environmental impacts that have been identified in a report contemplated in subsection 24(1A), including environmental impacts or objectives in respect of—
 - (i) planning and design;
 - (ii) pre-construction and construction activities;
 - (iii) the operation or undertaking of the activity in question;
 - (iv) the rehabilitation of the environment; and
 - (v) closure, if applicable;
- (b) details of—
 - (i) the person who prepared the environmental management programme; and
 - (ii) the expertise of that person to prepare an environmental management programme;
- (c) a detailed description of the aspects of the activity that are covered by the environmental management programme;

WYSIGINGSWET OP NASIONALE
OMGEWINGSBESTUUR, 2008

Wet No. 62, 2008

voldoende basis beskou vir die toestaan of weiering van 'n magtiging, permit of lisensie kragtens 'n spesifieke omgewingsbestuurswet indien daardie spesifieke omgewingsbestuurswet ook deur die bevoegde owerheid geadministreer word.

(4) 'n Bevoegde owerheid aan wie kragtens Hoofstuk 5 die bevoegdheid verleen is om 'n omgewingsmagtiging uit te reik, kan 'n magtiging uitgereik ingevolge enige ander wetgewing, wat aan al die vereistes uiteengesit in artikel 24(4)(a) voldoen en, waar toepaslik, artikel 24(4)(b), as 'n omgewingsmagtiging ingevolge daardie Hoofstuk beskou.

Vrystelling van toepassing van sekere bepalinge

24M. (1) Die Minister of 'n LUR, na gelang van die geval, kan 'n vrystelling van enige van die bepalinge van hierdie Wet verleen, behalwe van 'n bepaling van artikel 24(4)(a).

(2) Die Minister van Minerale en Energie kan 'n vrystelling verleen van enige aangeleentheid beoog in artikel 24(4)(b).

(3) Die Minister of 'n LUR, na gelang van die geval, moet die proses voorskryf wat gevolg moet word by die indiening en verwerking van 'n aansoek om vrystelling ingevolge hierdie artikel.

(4) Die Minister, die Minister van Minerale en Energie of LUR mag 'n vrystelling beoog in subartikel (1) of (2), na gelang van die geval, slegs verleen indien—

- (a) dit onwaarskynlik is dat die verlening van die vrystelling tot beduidende nadelige gevolge vir of invloede op die omgewing sal lei;
- (b) die bepaling in die geval van die betrokke aansoek nie in die praktyk geïmplementeer kan word nie; of
- (c) dit onwaarskynlik is dat die vrystelling die regte van belanghebbende of geraakte partye nadelig sal raak.

Omgewingsbestuursprogram

24N. (1) Die Minister, die Minister van Minerale en Energie, 'n LUR of 'n geïdentifiseerde bevoegde owerheid kan die voorlegging van 'n omgewingsbestuursprogram vereis alvorens 'n aansoek vir 'n omgewingsmagtiging oorweeg sal word.

(1A) Waar 'n omgewingsimpakbepaling geïdentifiseer is as die omgewingsinstrument wat gebruik moet word om 'n aansoek om omgewingsmagtiging toe te lig of waar sodanige aansoek betrekking het op prospektering, myn, eksplorاسie, produksie en verbandhoudende aktiwiteite op 'n prospekter-, myn, eksplorاسie- of produksie-area, moet die Minister, die Minister van Minerale en Energie, 'n LUR of 'n geïdentifiseerde bevoegde gesag die voorlegging van 'n omgewingsbestuursprogram vereis alvorens 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging oorweeg word.

(2) Die omgewingsbestuursprogram moet—

- (a) inligting bevat oor enige voorgestelde bestuur-, verligtings-, beskerdings- of herstelmaatreëls wat onderneem gaan word ten einde die omgewingsinwerkings aan te spreek wat in 'n verslag beoog in subartikel 24(1A) geïdentifiseer is, met inbegrip van omgewingsinwerkings of oogmerke ten opsigte van—
 - (i) beplanning en ontwerp;
 - (ii) pre-konstruksie- en konstruksie-aktiwiteite;
 - (iii) die bedryf of onderneming van die betrokke aktiwiteite;
 - (iv) die rehabilitasie van die omgewing; en
 - (v) sluiting, indien van toepassing;
- (b) besonderhede bevat van—
 - (i) die persoon wat die omgewingsbestuursprogram voorberei het; en
 - (ii) die kundigheid van daardie persoon om 'n omgewingsbestuursprogram voor te berei;
- (c) 'n uitvoerige beskrywing bevat van die aspekte van die aktiwiteit wat deur die omgewingsbestuursprogram gedek word;

- (d) information identifying the persons who will be responsible for the implementation of the measures contemplated in paragraph (a);
- (e) information in respect of the mechanisms proposed for monitoring compliance with the environmental management programme and for reporting on the compliance; 5
- (f) as far as is reasonably practicable, measures to rehabilitate the environment affected by the undertaking of any listed activity or specified activity to its natural or predetermined state or to a land use which conforms to the generally accepted principle of sustainable development; and 10
- (g) a description of the manner in which it intends to—
 - (i) modify, remedy, control or stop any action, activity or process which causes pollution or environmental degradation;
 - (ii) remedy the cause of pollution or degradation and migration of pollutants; and 15
 - (iii) comply with any prescribed environmental management standards or practices.
- (3) The environmental management programme must, where appropriate—
 - (a) set out time periods within which the measures contemplated in the environmental management programme must be implemented; 20
 - (b) contain measures regulating responsibilities for any environmental damage, pollution, pumping and treatment of extraneous water or ecological degradation as a result of prospecting or mining operations or related mining activities which may occur inside and outside the boundaries of the prospecting area or mining area in question; and 25
 - (c) develop an environmental awareness plan describing the manner in which—
 - (i) the applicant intends to inform his or her employees of any environmental risk which may result from their work; and 30
 - (ii) risks must be dealt with in order to avoid pollution or the degradation of the environment.
- (4) The Minister of Minerals and Energy may not grant an environmental authorisation, unless he or she has considered any recommendation by the Regional Mining Development and Environmental Committee. 35
- (5) The Minister, the Minister of Minerals and Energy, an MEC or identified competent authority may call for additional information and may direct that the environmental management programme in question must be adjusted in such a way as the Minister, the Minister of Minerals and Energy or the MEC may require. 40
- (6) The Minister, the Minister of Minerals and Energy, an MEC or identified competent authority may at any time after he or she has approved an application for an environmental authorisation approve an amended environmental management programme.
- (7) The holder and any person issued with an environmental authorisation— 45
 - (a) must at all times give effect to the general objectives of integrated environmental management laid down in section 23;
 - (b) must consider, investigate, assess and communicate the impact of his or her prospecting or mining on the environment; 50
 - (c) must manage all environmental impacts—
 - (i) in accordance with his or her approved environmental management programme, where appropriate; and
 - (ii) as an integral part of the reconnaissance, prospecting or mining, exploration or production operation, unless the Minister of Minerals and Energy directs otherwise; 55
 - (d) must monitor and audit compliance with the requirements of the environmental management programme;
 - (e) must, as far as is reasonably practicable, rehabilitate the environment affected by the prospecting or mining operations to its natural or predetermined state or to a land use which conforms to the generally accepted principle of sustainable development; and 60

WYSIGINGSWET OP NASIONALE
OMGEWINGSBESTUUR, 2008

Wet No. 62, 2008

- (d) inligting bevat wat die persone identifiseer wat verantwoordelik sal wees vir die implementering van die maatreëls in paragraaf (a) beoog;
- (e) inligting bevat ten opsigte van die meganismes voorgestel vir monitering van nakoming van die omgewingsbestuursprogram en vir rapportering van die nakoming; 5
